Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MEI 2020

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

COVID-19:
STAND VAN SAKE

"Munisipaliteit Overstrand staan onder 'n verpligting om sy inwoners op hoogte te hou van die verspreiding van die COVID-19-virus in sy ampsgebied en die stappe wat hy neem om te help om die vernietigende impak van dié pandemie hok te slaan," het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee gesê.

Teen druktyd was daar elf bevestigde gevalle van COVID-19 in Overstrand, maar tot op hede is geen sterftes weens die virus gerapporteer nie.

"As 'n gemeenskap is ons eerste verweer om streng te hou by die maatreëls wat deur die nasionale regering ingestel is," het die Burgemeester gesê en bygevoeg dat "al is dit hóé moeilik, die be-oefening van sosiale afstand deur sover as moontlik tuis te bly, is die enkele ding wat almal van ons kan doen om nie net onself te beskerm nie maar ook daardie mense wat ons na aan die hart lê".

"Ons doen alles in ons vermoë om ons gesondheidswerkers te beskerm sowel as daardie werknemers wat steeds in hierdie moeilike tye voortgaan om noodsaaklike dienste te lewer. Toetsing in die area word deur die provinsiale departement van gesondheid gekoördineer en sal in die komende weke versnel word. As deel van ons gebeurlikheidsbeplanning het ons ook verskeie plekke oral in die streek geïdentifiseer wat gebruik kan word om diegene te isoleer wat nie in staat is om self-isolasie te beoefen indien dit nodig sou word nie."

Alle gemeenskapsale en sportfasiliteite bly gesluit tot verdere kennisgewing, en die munisipaliteit vra ook dat inwoners vroegtydig die rampbestuureenheid by 028 313 5041 skakel sodat reëlings vir begrafnisdienste betyds getref kan word.

Gegewe dat die inperking onvermydelik daartoe gaan lei dat baie mense hulle in 'n finansiële penarie bevind, doen die munisipaliteit 'n beroep op alle belastingbetalers om die krediet-beheerafdeling in hul area so gou moontlik te skakel sodat reëlings waar nodig getref kan word om munisipale rekeninge mettertyd te vereffen.

Die saldo op jou munisipale rekening kan elektronies versoek word deur 'n e-pos te stuur aan enquiries@overstrand.gov.za of 'n SMS aan 082 561 6625. As dit nie moontlik is nie, betaal bloot dieselfde bedrag as wat jy verlede maand betaal het. Betalings kan elektronies oorgeplaas word of by enige kruidenierswinkel gedoen word deur van Easy Pay of 'n dergelike fasiliteit gebruik te maak.

VEILIGE HEENKOME VIR HAWELOSES TEN TYDE VAN PANDEMIE

In reaksie op die afkondiging van 'n landwye inperking is die Moffatsaal in Mount Pleasant geïdentifiseer as die plek waar haweloses gehuisves en versorg kan word in 'n poging om die verspreiding van COVID-19 onder hierdie hoogs kwesbare inwoners te beperk.

Kort daarna het Munisipaliteit Overstrand se wetstoepassingsbeamptes hawelose mense oral in die area gaan soek sodat hulle na die saal geneem kon word.

As jy dalk bewus is van 'n hawelose wat nog nie sy/haar weg tot by die skuiling gevind het nie, bel 028 313 8996 asseblief onverwyld sodat die nodige reëlings vir veilige vervoer getref kan word. **MOENIE** die persoon self vervoer nie aangesien dit jou gesondheid in gevaar kan stel. Lig bloot die wetstoepassingsbeamptes in van die tyd en plek waar jy die persoon laas gesien het.

Ons doen weereens 'n beroep op die gemeenskap om nie kos direk na die saal te neem nie. Deponeer jou donasies in die gemerkte trollies by deelnemende kruidenierswinkels sodat die versorgingnetwerkspan dit veilig kan vervoer.

REIK UIT NA ONTHEEMDES IN 'N TYD VAN ONGEHOORDE NOOD

Oral in die wêreld saai die uitbreking van die koronavirus verwoesting in mense se lewens. Hierdie virus hou nie net 'n erge bedreiging vir mense se gesondheid in nie, maar het ook tot gevolg dat baie van ons landsburgers hulle in 'n situasie bevind waar hulle nie die middele het om hul gesinne te onderhou nie. Soos dikwels in die verlede het vele organisasies en individue onmiddellik ná die afkondiging van die nasionale inperking teen einde-Maart in die bres getree.

"Die bereidwilligheid van Overstrand se inwoners om hul uiterste bes te doen om diegene in nood te help, het my weer eens stomgeslaan," het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee erken. "As plaaslike owerheid is ons maar al te dankbaar vir elke bietjie hulp wat julle bereid is om te bied," het hy gesê. Terselfdertyd het die Burgemeester egter ook gemaan dat die munisipaliteit onder 'n verpligting staan om te verseker dat selfs die 'weldoeners' se veiligheid nie benadeel word nie. "Aangesien daar nou aan strenger sanitêre maatreëls voldoen moet word en omdat die handhawing van sosiale afstande steeds noodsaaklik is, raai ons ten sterkste af dat bydraes op 'n ongekontroleerde wyse uitgedeel of gehanteer word," het hy gemaan. In reaksie op die COVID-19-pandemie het Munisipaliteit Overstrand 'n netwerk van rampbestuur- en versorgingspanne op die been gebring. Gesamentlik doen hierdie spanne alles in hulle vermoë om die uitbreking te moniteer en hok te slaan, sowel as om te verseker dat hulp aan behoeftiges verleen word.

"Ter wille van julle eie welstand, hou asseblief aan om van die munisipaliteit se amptelike kanale gebruik te maak om jul hoogsgewaardeerde bydraes en donasies te versprei," het die Burgemeester versoek. "Op ons beurt onderneem ons om seker te maak dat dit so regverdig moontlik uitgedeel word," het hy beloof. Om kontak te maak met die versorgingnetwerkspan in jou area, bel Overstrand se rampbestuureenheid by 028 313 5041.

As 'n alternatief kan onbederfbare **kruideniers- en toiletware gedeponeer** word in die trollies wat vir hierdie doel by die volgende winkels in Overstrand opsygesit is:

HERMANUS
- OK Foods (Gateway)
- OK Mini Market (Voëlklip, Onrus)
- Pick n Pay
- Checkers (CBD, Whale Coast Mall)
- Woolworths (CBD, Whale Coast Mall)
- Food Lover's Market (Mall)

GANSBAAI
- Spar
- OK Foods

PEARLY BEACH
- Plaaslike groentehandelaar

STANFORD
- OK MiniMark

HANGKLIP
- Rooi Els Village Shop
- MiniMart Pringlebaai
- Village Deli Pringlebaai
- Centre Shop Bettysbaai
- Penguin Place Bettysbaai

KLEINMOND
- Spar
- OK Store
- Enige ander plaaslike kruidenierswinkel

Skenkings van veral die volgende items sal hoog op prys gestel word:

LEWENSMIDDELE:
- Mieliemeel
- Rys
- Stampmielies
- Bone
- Blikkieskos (veral tamatie-en-uie-smoor / braaisous / sousboontjies / sardyne)
- Ander nie-bederfbare kosse, mits hulle in hul oorspronklike verpakking is

VERPAKKINGSMATERIAAL:
- Swaardiens-vullissakke (d.w.s. swart sakke)

TOILETWARE:
- Toiletpapier
- Tandepasta
- Seep / handwasmiddel
- Sanitêre doekies
- Babadoeke

ONTSMETTINGSMIDDELS:
- Antibakteriese skoonmaakmiddels
- Waspoeier
- Handskoene

VEILIGE WEGDOENING MET HUISHOUDELIKE AFVAL

Buitengewone tye noodsaak buitengewone maatreëls

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op inwoners om verantwoordelik te wees en om te hou by die riglyne wat hieronder verskaf word voordat afval vir verwydering op geskeduleerde dae uitgeplaas word. Om die verspreiding van COVID-19 te bekamp, sal almal hul deeltjie moet doen deur goeie higiëne toe te pas en voorsorgmaatreëls te tref.

BELANGRIKE RIGLYNE VIR GEPASTE HANTERING EN BERGING VAN HUISHOUDELIKE AFVAL IN GEVALLE WAAR IEMAND POSITIEF VIR COVID-19 GETOETS IS:

1. Alle afval waarmee weggedoen moet word (bv. gebruikte snesies, wegdoenbare lappies, handskoene, maskers, ens.) wat in kontak was met 'n persoon wat as 'n bevestigde of vermoede geval van COVID-19 geïdentifiseer is, moet mee weggedoen word deur dit veilig in 'n swart vullissak te plaas wat afsonderlik van die res van die huishouding se afval gehou word.
2. Wanneer vol moet daardie vullissak in 'n tweede swart vullissak (dubbele sak) geplaas word en dan stewig toegeknoop word om te verhoed dat enige afval gestort word.
3. Sulke dubbele vullissakke moet afsonderlike vir vyf (5) dae in direkte sonlig geberg word alvorens hulle vir verwydering uitgeplaas word. Die veiligste opsie sal wees om dubbele vullissakke vir 'n addisionele week vóór die geskeduleerde vullisverwyderingsdag te berg. Dit sal verseker dat die COVID-19-virus gedood is.
4. In gevalle waar daar van rolvullishouers gebruik gemaak word, moet inwoners asseblief daarop let dat alle persoonlike higiëne en sanitêre produkte in dubbele sakke (met ander woorde twee kleiner plastieksakke) geplaas moet word voordat dit in die rolvullishouer gegooi word. Voorbeelde van produkte wat vir persoonlike higiëne en sanitêre doeleindes gebruik word, sluit snesies, gebruikte handskoene, maskers en soortgelyke items in.

ONGEAG DIE TIPE HUISHOUDELIKE AFVAL, HIERDIE BEGINSELS GELD DEURENTYD WANNEER DAAR MET AFVAL WEGGEDOEN WORD:

5. Ontsmet asseblief jou hande of was hulle met seep en water vir 20 sekondes vóór en nadat rolvullishouers of swart vullissakke hanteer word. Hierdie maatreël het ten doel om beide jouself en die spanne wat verantwoordelik is vir die lewering van noodsaaklike afvalverwyderingsdienste te beskerm.
6. In die geval van rolvullishouers, ontsmet asseblief ook die vullishouer se handvatsels en deksel.
7. Rolvullishouers of swart vullissakke moet vir afhaling uitgeplaas word slegs op die geskeduleerde dae en slegs nadat die voormelde stappe gevolg is.
8. Sorg dat sakke en vullishouers behoorlik beveilig is om te verhoed dat troeteldiere en probleemdiere die sakke verskeur en/of die hele wêreld met die inhoud besaai.
9. Moet asseblief nie die afvalverwyderingspersoneel nader nie. Handhaaf ten alle tye 'n afstand van 1,5 m.

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op alle inwoners om sover as moontlik tuis te bly en net wanneer dit absoluut noodsaaklik is die huis vir kos, medisyne of mediese hulp te verlaat. Op hierdie manier sal jy nie net jouself nie maar ook jou gesin, vriende en bure teen besmetting beskerm.

As jy spesifieke inligting nodig het, besoek die Wes-Kaapse Regering se webblad by https://www.westerncape.gov.za/department-of-health/coronavirus.

BOBBEJAANVERSLAG:

MENSE VERSEG HARDKOPPIG OM HULLE GEDRAG TE VERANDER

Volgens die jongste verslag wat voorgelê is deur Human Wildlife Solutions, die gespesialiseerde diensverskaffer wat deur die Raad aangestel is om bobbejane te bestuur en te beheer, is daar steeds inwoners in bobbejaangeaffekteerde areas wat die munisipaliteit se verordeninge insake wegdoening met afval in probleemdier-areas verontagsaam. By wyse van illustrasie het die projekbestuurder, dr. Phil Richardson, opgemerk dat "die oorgrootte meerderheid van die vullishouers in Voëlklip nie bobbejaanbestand is nie en dat baie inwoners dikwels vullissakke wat nie toegeknoop is nie op die sypaadjies los. Dit is 'n groot lokaas en maak dit aansienlik moeiliker om bobbejaantroppe te beheer – veral op daardie dae wanneer afval afgehaal word".

Klaarblyklik het inwoners ook nie ag geslaan op die advies om vrugte in hul tuine wat 'n soet reuk het, te pluk voordat hulle ryp word en om die lappies groente wat hulle plant teen bobbejane te beveilig nie. Op die koop toe kan die meerderheid van die gerapporteerde gevalle waar bobbejane wel daarin geslaag het om huise te stroop, toegeskryf word aan onbeveiligde deure en/of vensters wat oop gelos is.

Gegewe die huidige scenario is Human Wildlife Solutions se aanbeveling dat afvalverwydering in geaffekteerde areas geprioritiseer moet word – hopelik so vroeg as moontlik in die oggend voordat die troppe begin plunder. Op 'n positiewe noot wil dit egter blyk asof tropgroottes steeds konstant bly:

Die Voëlkliptrop staan nou op 26, en die Pringlebaai trop staan steeds op 17. ***Om die jongste verslag te bekyk wat deur Human Wildlife Solutions voorgelê is, besoek www.hwsolutions.co.za.***

Nou moet elke druppel meer as ooit tel

In die maande vorentoe gaan water 'n kritieke rol speel in ons pogings om die uitbreking van COVID-19 te bekamp.

Om die verspreiding van die virus hok te slaan, word mense telkemale daaraan herinner om hulle hande te was. Voorts word diegene wat wel siek word, aangemoedig om soveel as moontlik water te drink aangesien die inname van vloeistof noodsaaklik is om die herstelproses te bespoedig. Om hierdie rede, en gegewe dat ons steeds gebuk gaan onder die gevolge van 'n langdurige droogte, kan ons eenvoudig nie bekostig om toe te laat dat drinkwater vermors word nie.

Kortom, vermorsing van hierdie kosbare hulpbron in hierdie moeilike tye is nie net selfsugtig nie, maar kan ook erge gevolge hê.

Die silwerrandjie is egter dat aangesien bykans almal van ons nou grotendeels tot ons huise beperk is, is dit die ideale tyd om aandag te skenk aan 'n paar van daardie lastige sakies in en om die huis.

Gebruik hierdie tyd om:

- Daardie lekkende kraan of toilet reg te maak
- 'n Baksteen of bottel gevul met water in die toilet se spoelbak te plaas om te verhoed dat dit tot heel bo volloop
- Om maniere te prakseer om reën- en gryswater veilig op te vang sodat dit gebruik kan word om die tuin te benat of die motor te was
- Aan almal in die huishouding te demonstreer hoe die afleer van 'n gewoontetjie, of die aanleer van 'n nuwe een, kan help om water te bespaar.

Hulle mag dalk onbenullig lyk, maar om 'n gewoontetjie af te leer of 'n nuwe een aan te leer, kan baie help om seker te maak dat ons elke druppel laat tel.

Sommige "ou gewoontetjies" wat afgeleer moet word, is:

- Om die kraan te laat loop terwyl jy jou tande borsel
- Om die wasmasjien te laat loop as jy nog nie 'n volle lading het nie
- Om te bad eerder as om te stort
- Om groente en vrugte onder lopende water af te spoel

Sommige "nuwe gebruike" wat aangeleer moet word, is:

- Om vrugte en groente in 'n houer af te spoel. As dit jou gebruik is om 'n vergiettes vir hierdie doel te gebruik, sit 'n bak onder die vergiettes om die water op te vang. Hierdie water kan dan gebruik word om jou plante nat te gooi.
- Om jou kos in so min as moontlik water te kook. Dit sal nie net die kooktyd verminder nie, maar sal ook help om die smaak van en voedingstowwe in kosse te behou.
- Om nie die water waarin kos gekook is, te vermors nie: Sit die eenkant om af te koel en gebruik dit dan om die tuin te benat.

DRIE SPESIALE-AANSLAGGEBIEDE GOEDGEKEUR IN OVERSTRAND

Die Raad het goedkeuring verleen vir die verklaring van Kleinmond, Hermanus sowel as Onrus-Vermont as spesiale-aanslaggebiede (SRA's).

In wese gaan eienaars van belasbare eiendomme in hierdie gebiede voortaan bydra tot die opskerping van wetstoepassing en die bevordering van 'n veilige, gesonde en skoon omgewing deur 'n heffing gegrond op die munisipale waardasie van hul eiendomme te betaal.

Ingevolge die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting moet hierdie heffing 'n persentasie wees van die waarde van elke belasbare eiendom op die onderskeie waardasierolle en sal neerkom op 'n tarief van 0,0005 vermenigvuldig met die waardasie per jaar (en nie 'n vaste bedrag nie). Byvoorbeeld, op 'n residensiële eiendom met 'n munisipale waardasie van tussen R1 miljoen en R1.5 miljoen sal die addisionele heffing tussen R22 en R33.67 per maand beloop.

Hierdie addisionele maandelikse eiendomsbelasting sal deur die munisipaliteit van die eienaars van eiendomme in die gebiede geïn en oorbetaal word aan 'n maatskappy sonder winsbejag wat vir die bedryf van die SRA verantwoordelik is. Die eerste addisionele maandelikse heffing sal in Julie 2020 betaalbaar wees.

Ingeslote in die Kleinmond-spesiale-aanslaggebied (KSRA) is alle eiendomme wat binne die grense van Kleinmond val, naamlik Heuningkloof as die oostelike grens, die kuslyn as die suidelike grens, Palmiet (met inbegrip van die informele nedersetting) as die westelike grens en die berg as die noordelike grens.

Die Onrus-Vermont-spesiale-aanslaggebied (OVSRA) omvat alle areas in Wyk 13, met ander woorde Onrus, Onrus-Noord, Berghof en Vermont. Hermanus se gebied val tussen 17de Laan in Voëlklip en Swartdamweg met Stillstraat en Fernkloof Natuureservaat as grense.

Al drie SRA's het aangedui dat hulle die installering van CCTV-kameras gaan prioritiseer as 'n eerste stap om misdaad te help bekamp. Meer besonderhede rakende beplanne inisiatiewe kan verkry word deur die onderskeie beheerkomitees te kontak by info@kleinmondsag.co.za of onrus.vermont.sra@gmail.com of hermanussra.co.za.